Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 2 April 1952. Prys 3d. Nr. 18.

# PARTY-SOEWEREINITEIT IS NIE VOLKSVRYHEID NIE

**As daar ooit 'n dringende en onaanvegbare rede aangevoer kan word vir die omskepping van ons reregeringstelsel tot een van 'n partylose republiek, dan is dit die toestand waarin die hantering van die kleurkwessie deur die partye ons politieke lewe nou voer, verklaar mnr. J. A. Smith, waarnemende leier van die Ossewabrandwag.**

**Die Malan-regering wil eersdaags deur wetgewing die howe aan bande lê deur hulle die sogenaamde toetsingsreg te ontneem. So iets mag moontlik, selfs wenslik, wees weens die toestand waarin ons beland het. Maar die huidige Regering kan nie sy opvolgers, die alternatiewe Verenigde Party-regering of 'n Torch-Commando-bewind deur daardie wetgewing bind om dit nie weer te herroep en die howe se magte te herstel nie. Dit is partywetgewing net soos die waardeur die Smuts-party die stemreg aan die Indiërs van Natal toegeken het en die Malan-party dit weer herroep het. Maar nou word die Konstitusie ook in die party-skaakspel betrek.**

**Die Ossewabrandwag voel dat niks, geeneen van die stappe wat sover gedoen is, ons nader aan die oplossing van die Kleurvraagstuk gebring het nie. Inteendeel, verder af. Wat gedoen is, het groter spanning in die rasseverhouding veroorsaak en seer seker die oplossing nie vergemaklik nie. Daarom voel 'n mens jammer dat die geleentheid geskep is vir die toetssaak. Hierdie partywetgewing wat vir die gewone man en ondersteuner daarbuite baie skouspelagtig gelyk het, het deur sy nasleep een van die mees ongelukkige en betreurenswaardige gebeurtenisse in ons volk se politieke lewe geword. Nasionaalgesinde Suid-Afrika gaan dit nie maklik afskud nie. Dit skep net 'n onhoudbare toestand van onsekerheid, blywende onrus en verskerpte rassegevoelens tussen blank en gekleurd. Dit was 'n lompe daad, 'n domme daad om op daardie manier 'n grondwetlike aangeleentheid met die Kleurvraagstuk saam te vleg hoe goed dit in die lig van die partyson ook al gelyk en bedoel was. Die kar is voor die perde gespan.**



MNR. J. A. SMITH

Die feit is dat die grootste en dringendste vraagstuk: dié van 'n eie vrye soewereine volksbestaan nou in die verterende vuur van partytwis oor kleurbeleid so ingeweef is dat dit nooit deur watter maneuvreerdery ook deur die Nasionale Party weer daar uitgelig kan word nie.

### PARTY-SOEWEREINITEIT

Die sogenaamde parlementêre soewereiniteit is tog aan blote party-diktatuur onderwerp wat wissel van nasionaalgesinde partyformasies tot die mees anti-nasionale en volksvreemde partygroepe wat staat maak op die inskakeling van die gekleurde massas teen die nasionale en republikeinse Afrikanerdom. Wie vandag Haar Majesteit se Opposisie is, is môre Haar Majesteit se Regering. Dit is die posisie onder die partystelsel. Haar Majesteit bly baas.

**Die volk se soewereiniteit is glad nie ter sake as die howe se toetsingsreg deur die voorgenome wetgewing ontneem word nie. Wat gebeur, bloot net dat die party wat vandag aan bewind is, en die wat môre gaan kom, sé baasskap vir die lewensduur van die parlement onaanraakbaar, onbetwisbaar in die geregshowe gestel word. Dit is party-soewereiniteit wat in die lewe geroep word. Dieselfde howe wat nou belet word om 'n wet deur die bewindvoerende party gemaak ongeldig te verklaar, mag die volgende dag wetgewing vir herroeping daarvan deur 'n ander party ook nie weer belet nie. Sulke onstabiliteit moet lei tot chaos.**

### VERSKANSDE GRONDWET

Jou grondwet moet van die aard wees dat dit jou volk se wil bo alle twyfel bokant alle howe en partyformasies stel. Ons erfenis van die Britse parlementêre partystelsel doen dit nie.

**Hierdie hofuitspraak word deur die ganse Nasionale Afrikanerdom, seker ook deur die regters diep betreur weens sy volksvernederende aard. Vir ons Afrikanervolk is dit 'n verskriklike vernedering juis omdat dit op 'n aanstootlike wyse die groot volksgrief en waarheid so sterk beklemtoon, nl. dat ons nie 'n volksraad het wat langs 'n konstitusionele weg die Kleurvraagstuk kan hanteer nie anders as die howe aan bande te lê nie.**

Die sogenaamde „troefkaart" vir die howe bevestig of skep net tydelike party-soewereiniteit wat ons as volk nie nastrewe nie. Dit stil net die stem van die enigste ander gesag, wat nog buite partyverband of bereik gestaan het.

### HERSKEPPING

Wat ons nodig het is 'n algehele herskepping van die grondslae en instellings van ons staatkundige bestaanslewe as ons volk soewerein wil wees, vry soewerein buite die Britse Statebond.

**Mag hierdie gebeurtenisse en die wat gaan volg die volk die onmag van 'n partyregering laat besef om ons ooit te lei en te bring by ons eindbestemming, die Republiek van Suid-Afrika. Laat die Osswabrandwag nou meer as ooit sterk staan as die volksbeweging in hierdie volkskrisis met die geestelike en materiële stukrag wat 'n volk vry en soewerein kan maak.**

Laat ons voorbereid wees deur deeglik te organiseer. Die volk het ons dienste nodig. Die dag vir optrede nader vinnig. Ons doen 'n dringende beroep op alle verantwoordelike amptenare van die Ossewabrandwag om dadelik hul eenhede te reorganiseer en dit aan te meld by Hoofkwartier.

# GEÏNTERNEERDES IN STEEK GELAAT

**Die O.B. verneem uit baie betroubare bron dat die Regering afgesien het van sy voorneme om wetgewing in te dien waarvolgens dit moontlik sou wees om skade te vergoed aan sekere persone wat tydens die oorlog geïnterneer was. Verlede jaar in Meimaand het die Regering sy voorneme te kenne gegee om sodanige wetgewing in te dien. Sedertdien moes die Regering, van Engelse kant, kwaai kritiek daaroor verduur.**

Volgens die regering se aankondiging van verlede jaar sou sy wetgewing slegs betrekking gehad het op mense wat geïnterneer was terwyl hulle in vaste diens van die staat gestaan het en dan ook alleen diegene wat nie skuldig bevind was aan sabotasie of ander misdade nie. Ongeveer 300 mense sou as gevolg van die wetgewing vir skadevergoeding in aanmerking gekom het.

### TELEURSTELLING

Die O.B. het verlede jaar op 23 Mei geskryf: „Die regering verdien lof vir hierdie stap in die rigting van regsherstelling aan die slagoffers van die oorlogsbewind. Dit is egter jammer dat so baie ander Afrikaners buite die staatsdiens wat ook verliese deur internering gely het, uitgesluit gaan word van die voorgenome maatreël." Nou blyk dit dat die regering die dank wat die Ossewabrandwag by voorbaat uitgespreek het nie wil verdien nie.

**Oud-geïnterneerdes wat van die regering se nuwe besluit verneem het, het bittere teleurstelling uitgespreek — nie oor die verlies aan skadevergoeding nie, maar oor wat hulle beskou as 'n Afrikanerregering se troubreuk teenoor Afrikaner-slagoffers van die voormalige oorlogsregering. Die „herstel" van die oud-geïnterneerdes is 'n ereskuld wat die regering openlik moet vereffen — sonder toegewing aan sy kritici wat hulle veronreg het.**

### VERKLARING

Die regering het verlede jaar aangekondig dat die betrokke wetsontwerp wat hy sou ingedien het, behartig sou word deur minister Tom Naudé. Na ons verneem is die hele aangeleentheid nou in dr. Eben Dönges se hande geplaas, en hy sal glo 'n verklaring oor die saak in die Volksraad maak na die Paasreses.

Die feit dat „oulike" minister Dönges die saak gaan hanteer skep die indruk dat die regering die oud-geïnterneerdes 'n kluitjie in die kies wil stop ten einde daarmee 'n end te maak aan 'n plig wat die regering graag wil ontduik.

Vanaand vergader die oud-geïnterneerdes êrens in Kaapstad.

## Geen Republiek

Mnr. S. Kahn (Naturelleverteenwoordiger) het in die volksraad aan die eerste minister gevra of die regering voornemens is om in die nabye toekoms 'n volkstemming van geregistreerde kiesers te hou oor die kwessie van die stigting van 'n republiek.

Die eerste minister, dr. D. F. Malan, het geantwoord: „Nee, omdat nòg die regering, nòg die party wat hom steun, daartoe besluit het."

## Die Koningin Se Besoeke

Uit Londen word berig dat die roetine van die koninklike lewe wat in Koningin Victoria se dae vasgestel is drasties gewysig sal word deur die huidige Britse vorstin, Koningin Elizabeth die Tweede.

In die verlede was dit gebruiklik dat die koninklike gesin in die winter na Sandringham gaan en in die somer na Balmoral. Hierdie viktoriaanse roetine sal verander word.

Koningin Elizabeth is voornemens om noue kontakte te handhaaf met die Britse oorsese geweste. **Haar vakansies sal sy in Suid-Afrika, Kanada, Australië en Nu-Seeland deurbring. Sy sal deur die lug na die geweste vervoer word.**

Die Koningin het reeds een aand per week afgesonder vir samesprekings met haar minister van Statebondsbetrekkinge.

Die Britse kroon is die sigbare skakel wat die Britse Statebond en Empire aanmekaar bind. Blykbaar gaan die skakel in die toekoms toeneem in sigbaarheid.

## Nuwe Intekenare

**Verlede week het ons lesers ses nuwe intekenare op Die O.B. gewerf.**

Mnr. H. G. Booysen, Oranjeville, het drie nuwe lesers vir drie maande elk gewerf; mnr. D. J. M. Cronje van Heilbron het twee nuwe lesers vir 'n jaar elk gewerf; en mnr. P. A. le Roux van Zuurbraak een nuwe leser vir een jaar. Ons hartlike dank aan hierdie lesers vir die hulp wat hulle verleen het om ons blad te versprei en die boodskap van die Ossewabrandwag bekend te maak.

Lesers word daaraan herinner dat „Suidwester" drie pryse van vyftien, tien en vyf pond biltong uitgeloof het aan die lesers wat die eerste, tweede en derde meeste intekenare op Die O.B. werf tot en met 30 Augustus 1952.

Ons vra ons lesers om voort te gaan met die werwingswerk; dit dra goeie vrugte.

# REPUBLIKEINSE GRONDWET NODIG

**Na aanleiding van die uitspraak van die Appèlhof oor die Kleurlingwet, wat daarop neerkom dat die hof die reg het om te toets wanneer 'n wet van die parlement wettig is volgens die grondwet, het die vier leiers van die Nasionale Party, dr. Malan, mnr. Havenga, mnr. Strydom en mnr. Swart 'n verklaring uitgereik waarin hulle die lede van hul party oproep tot 'n stryd om die „onbeperkte soewereiniteit" van die parlement te waarborg.**

Die regering het aangekondig dat hy wetgewing (met terugwerkende krag tot in 1931) gaan aanneem om die howe te belet om te toets wanneer n wet van die parlement wettig is of nie.

### SEKERHEID

Mnr. Pirow verklaar in sy jongste Nuusbrief dat dit nie 'n kwessie van die soewereiniteit van die parlement is nie. Die eenvoudige beginsel waaroor dit vandag gaan is dat die regering sekerheid wil hê in verband met die bevoegdhede van die parlement. Waar die Appèlhof hom onsekerheid gegee het is hy ten volle geregtig om sy toevlug tot wetgewing te neem, verklaar mnr. Pirow.

Vir ons lyk dit dat die uitspraak van die Appèlhof, voorlopig altans, wel sekerheid gegee het oor die bevoegdhede van Haar Majesteit, Koningin Elizabeth die Tweede se Suid-Afrikaanse parlement. En dat dit bowendien nou blyk dat die parlement, verdeel in meerderheidsparty en minderheidsparty, nie die kleurvraagstuk doeltreffend kan oplos nie.

### GRONDWETLIKE STABILITEIT

Haar Majesteit se regering kan van die uitvlug, om vir die parlement meer magte te vat as wat hy grondwetlik, volgens die Appèlhof, besit, gebruik maak; maar dit hou waarskynlik meer nadele as voordele in. Die Ossewabrandwag verkies eerder dat 'n end gemaak word aan die hele proses van sogenaamde konstitusionele ontwikkeling onder die Britse kroon deur 'n republiek uit te roep, met 'n grondwet — nie deur Brittanje nie, maar deur die volk daargestel; met behoorlike waarborge vir grondwetlike stabiliteit.

DIE O.B., WOENSDAG, 2 APRIL 1952

# DIE PAD NA NEDERLAAG

Bloed is dikker as water. Daarom spreek dit vanself dat die Ossewabrandwag meegevoel het met die Regering wat op die oomblik tussen die duiwel en die diep blou see verkeer as gevolg van die ernstige konstitusionele krisis wat hy ontketen het, en nou nie kan oplos nie. Maar die waarheid is darem ook dat die Ossewabrandwag die Regering gewaarsku het dat hy die kar voor die perd span . . . en dat die Regering nie wou luister na die goeie raad nie.

**Dit is egter nog nie heeltemal te laat nie. As die Regering nou omspring kan hy nog die situasie vir die Afrikanervolk red. Maar as hy dit nie wil doen nie, vrees ons, is die Regering besig om die volgende verkiesing vir die Verenigde Party te wen.**

## DIE KAR VOOR DIE PERD

Die Regering se „politiek" is om die republiek na agter te stoot en die Kleurvraagstuk na vore te stoot, soos dr. Malan dit uitgedruk het. Hy beskou dit as uitstekende taktiek omdat hy die Engelssprekende kieser se steun sal vang met sy kleurbeleid waardeur hy verkiesingsoorwinnings oor die Verenigde Party sal behaal. Daarenteen verwag hy om Engelse stemme te verloor wanneer hy die republiek na vore bring waardeur hy waarskynlik verkiesingsnederlae teenoor die Verenigde Party sal ly.

**Die Ossewabrandwag het voortdurend gewaarsku dat die Afrikaner die Kleurvraagstuk in ons land nie sal oplos solank Suid-Afrika 'n Britse koninkryk is nie en dat oplossing bowendien onmoontlik is binne die raamwerk van die partystryd. Daarom, so het die Ossewabrandwag betoog, moet die Regering eers die republiek (op die model van die voormalige Boererepublieke) na vore bring; en daarna kan die Kleurvraagstuk, deur die hele blankedom en ooreenkomstig republikeinse tradisie opgelos word.**

Maar hierdie raad wou die Regering nie aanvaar nie as gevolg van vrees dat hy dan Engelse stemme sal verloor.

## OORWINNING VIR VERENIGDE PARTY

En wat het nou gebeur?

Dit het nou geblyk dat die Ossewabrandwag reg was. Die Regering het uitgevind dat hy die Kleurvraagstuk binne die Britse konstitusionele raamwerk nie kan oplos nie. Trouens dat sy maatreëls onwettig verklaar word. Die vanselfsprekende oplossing is om 'n republikeinse konstitusionele raamwerk daar te stel, waarbinne die Kleurvraagstuk wel opgelos kan word. Dit is die metode wat die Ossewabrandwag jarelank steeds aanbeveel het.

**Blykbaar wil die Regering selfs op hierdie kritieke stadium nog nie die raad van die Ossewabrandwag aanvaar nie. Inteendeel, hy is besig om 'n grondwetlike stryd teen die Appèlhof te ontketen. Waarheen sal hierdie stryd lei? Klaarblyklik na die verkiesingsoorwinning van die Verenigde Party.**

Die hoop wat die Regering gehad het om Engelse stemme te vang met sy kleurstryd is verydel omdat hy self sy kleurstryd omskep het in 'n grondwetlike stryd oor „regering volgens wet" of „regering volgens mag." Die aanduidings is reeds daar dat die Regering ten aansien van die laasgenoemde stryd nie alleen die Engelssprekende kiesers se steun verbeur het nie, maar ook die vlottende stem vervreem het.

## NEDERLAAG VIR DIE AFRIKANER

Wat is die wins van die Afrikaner?

Hy kry nie sy republiek nie; die Kleurvraagstuk word nie opgelos nie; maar die Regering het vir hom die haat van die buiteland, van die Engelssprekende konstitusionaliste en van al die nie-blankes op die hals gehaal. Hoewel hy 'n bittere stryd moes voer het hy niks meer as haat verwerf nie. En boonop is die weg na oorwinning vir die Verenigde Party gebaan.

Dit is waarheen die uitstekende taktiek van die Regering om Engelse stemme te vang, lei. Na verydeling en nederlaag vir die Afrikaner.

## REGERING MOET OMSPRING

**Maar daar is nog tyd vir die Regering om om te spring. Daar is egter nie meer baie tyd nie. Indien die Regering die situasie vir die Afrikanervolk wil red, moet hy vinnig spring. Ons herhaal: indien hy dit nie doen nie red hy die situasie vir die Verenigde Party.**

**Dit is ter wille van die Afrikanervolk dat die Ossewabrandwag vir die soveelste maal die hand van vriendskap uitsteek na die Regering. Indien die Regering die bestaande grondwetlike krisis ten gunste van die Afrikanervolk wil oplos deur 'n republiek uit te roep sal die Regering op die daadwerklike steun van die Ossewabrandwag kan reken.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Politieke Sensorskap*

Ek merk op dat adv. Oswald Pirow in die jongste tye blykbaar gebruik maak van die gasvryheid van enige koerant wat gewillig is om sy kolomme vir hom (adv. Pirow) oop te stel. Hy het bv. sy standpunt ten aansien van die regering se verdedigingsbeleid in Die Landstem uiteengesit en sy sienswyse oor apartheid in Forward gestel. Hierdie koerante is onafhanklik (so stel hulle in iedere geval hulleself aan die publiek voor) en dit is waarskynlik die rede waarom hulle publisiteit verleen — ook aan adv. Pirow se opvattings. Bowendien het adv. Pirow se standpunt beslis nuuswaarde omdat hy 'n oud-minister is wat jarelank 'n vooraanstaande rol in die Suid-Afrikaanse politiek gespeel het.

Dit is tog jammer dat die partypolitieke koerante, waaronder ook die Afrikaanse party se koerante, so 'n strenge politieke sensorskap handhaaf, en ten enemale weier om enige publisiteit te verleen aan die opvattings van nasionaalgesinde voormanne en organisasies — indien sodanige opvattings strydig is met die beleid van die Nasionale Party. Die gevolg is dat lesers van die Nasionale Party se koerante baie eensydig ingelig word. Hulle weet maar net wat die Nasionale Party se beleid is en wat die party se kritiek op die opposisieparty is. Hulle word heeltemal in die duister gehou oor die menings van selfstandige nasionaalgesinde leiers en organisasies. Dit is jammer.

### *Gevaar vir Suid-Afrika*

Ek wil aanhaal wat mnr. Pirow se standpunt oor die regering se oorlogsbeleid is; hy is 'n voormalige minister van verdediging en derhalwe ongetwyfeld bevoegd om oor die onderwerp te praat. Op die vraag wat hy van minister F. C. Erasmus se verdedigingsbeleid dink, het mnr. Pirow geantwoord: „Ek beskou sy verdedigingsbeleid as 'n gevaar vir Suid-Afrika." Hy motiveer sy standpunt soos volg (ek haal volledig aan uit adv. Pirow se verklaring):

„Die rede (waarom die huidige minister van verdediging se beleid 'n gevaar is vir Suid-Afrika) lê in die verlede van adv. Erasmus opgesluit.

„Hy was so lank en so hartstogtelik sekretaris van die Nasionale Party dat hy niks, letterlik niks, anders as deur die partypolitieke bril kan sien nie.

„Hierdie oordeel mag deur sommige as hard beskou word, maar die alternatiewe sou wees om die minister van verregaande oneerlikheid te beskuldig.

„Laat my in hierdie verband twee voorbeelde uit eie ondervinding gee.

### *Tipiese Partypolitiek*

„Toe ek vanaf 1933 probeer het om die skietverenigings weer op die been te bring en presies dieselfde beginsels toegepas het as wat die regering vandag huldig, het adv. Erasmus van dorp tot dorp en van plaas tot plaas gery en die mense afgeraai om by die skietverenigings aan te sluit.

„Vandag bestempel hy enige persoon wat nie aan sy plattelandse verdedigingsplanne—wat niks meer bevat as myne van destyds nie — wil deelneem nie, as 'n slegte Afrikaner.

„Ek dink ek handel Christelik as ek hierdie frontveranderings slegs aan 'n partypolitieke uitkyk toeskrywe.

„Nou wat die tweede voorbeeld betref: As Smeltersminister het ek gedurende 'n gevaarlike naturellestaking in Noord-Rhodesië traangas na Ndola gestuur tot beskerming van blanke vroue en kinders. Mnr. Erasmus en sy geloofsgenote wou hieroor die beroerte kry. Dit was volgens hulle, niks minder nie as verraad teenoor Suid-Afrika en die Afrikanerdom!

„Vandag gaan daar nie ses maande verby nie of mnr. Erasmus ontmoet Britse stafhoofde om militêre vraagstukke te bespreek.

„Die uitleg is natuurlik: Destyds moes die uiterste Republikeine tevrede gestel word en vandag word daar na die stem van die Engelssprekendes gevry.

### *Onderhoud van Britse Oorlogsvloot*

„Terloops, terwyl ek oor die jag na Engelse stemme praat, moet ek nog iets sê oor die nuwe Suid-Afrikaanse vloot. Brittanje probeer al van voor die Eerste Wêreldoorlog om ons met die onderhoud van gedeelte van haar oorlogsvloot te belas. Suid-Afrika het geen vloot nodig nie.

„Ons kusverdediging kan voldoende deur forte, vliegtuie en gewapende mynveërs waargeneem word. Selfs genl. Smuts kon Brittanje nie op die skaal tegemoetkom wat tans deur mnr. Erasmus toegepas word nie.

„Hy is besig om miljoene te spandeer op 'n vloot wat in praktyk steeds maar gedeelte van die Britse Marine sal wees en wat deur die gees van die Royal Navy gedra sal word.

„Ek het geen beswaar teen daardie gees nie, ek beny die Britte daaroor, maar dit behoort nie tuis in die geledere van 'n Suid-Afrikaanse verdedigingseenheid nie.

### *Verdediging van die Midde-Ooste*

„Ek kom nou tot my beswaar teen die regering se verdedigingsbeleid as 'n geheel.

„Hulle het geen benul van wat ons verdedigingsvraagstuk werklik beteken nie. Dit sou te veel tyd verg en te veel tegniese besonderhede insluit om die saak breedvoerig uit te pluis. Ek sal die probleem dus slegs in beknopte vorm stel.

„'n Egte en doeltreffende Suid-Afrikaanse verdedigingsbeleid moet voorsiening maak vir die veiligheid van die Unie, sowel as 'n eenheid as deel van Afrika suid van die Sahara.

„Ons probleme hou nie aan die Limpopo op nie, maar hulle strek ook nie anderkant die Sahara na Noord-Afrika nie, waar in 'n militêre sin Europa reeds begin.

„Ek sal nie nou oor die tekortkomings in die verdedigingsvoorbereidings van die Unie self praat nie. Hulle berus gedeeltelik op politieke oorweging wat hopelik een dag sal verdwyn. Maar ek moet my sterk uitlaat oor die verbintenisse wat adv. Erasmus aangegaan het i.v.m. die verdediging van die Midde-Ooste.

### *Dwangmaatreëls*

„Om te sê dat hierdie hulp slegs teen agressie beskikbaar gestel word, is eenvoudig twak. Het Brittanje, of terloops, enige ander groot nasie, al ooit 'n oorlog gevoer wat kastig nie teen agressie gemik was nie?

„Om te vertel dat slegs vrywilligers gebruik sal word, is eweneens snert. As 'n land onderneem om aan die verdediging van 'n wêrelddeel soos die Midde-Ooste deel te neem, moet hy daarvoor die nodige troepe vind. Daar sal in die Unie nooit genoeg werklike vrywilligers beskikbaar wees om 'n enkele divisie op oorlogsterkte oorsee te hou nie.

„Dus sal die regering van die dag tot ekonomiese dwangmaatreëls en desnoods tot konskripsie, d.w.s. tot opkommandering, moet oorgaan. Miskien sal die regering sê: ,Ja, maar ons is slegs verplig om 'n enkele lugmag-eenheid na die Midde-Ooste te stuur.'

„Die antwoord daarop is: ,Dus die hulp is maar 'n skynhulp?'

„Maar, laat my dit met alle nadruk byvoeg, selfs die lewering van 'n enkele lugmageenheid sal groot druk op lede van ons Staande Mag vereis. Of glo die regering dat die manne wat tans na Korea gaan werklik vrywilligers is?

### *Stembusverwagtings*

„Die Midde-Ooste-beloftes is òf militêr waardeloos òf stel laste daar wat die Unie nie kan dra nie. In ieder geval is hulle uit 'n militêre oogpunt sowel onnodig as onsinnig.

„Ek wil nou eindig soos ek begin het: Ek beskou mnr. Erasmus se verdedigingsvoorstelle as 'n gevaar vir Suid-Afrika. Hulle stel 'n poging daar om sowel die Republikeine as die Jingo's tevrede te stel.

„Vir 'n groot gedeelte is hulle nie op gesonde militêre beginsels gebaseer nie, maar berus op partypolitieke oorwegings. Die deurslag word deur stembusverwagtings en nie deur die veiligheidsvereistes van die Unie gegee nie."

### *Verwerp Ekonomiese en Territoriale Integrasie*

Ek is nie van plan om volledig aan te haal oor mnr. Pirow se standpunt ten aansien van apartheid nie, maar ek wil tog die volgende stukkie aanhaal (wat ek beskou as die belangrikste deel van sy standpuntstelling).

Op die vraag of hy ten gunste van dr. Malan se apartheidsbeleid is, het mnr. Pirow geantwoord: „Ek keur die grootste gedeelte van die beleid goed maar slegs as die eerste stap na die oplossing van die sogenaamde Naturellevraagstuk." Mnr. Pirow het gesê dat hy nie saamstem nie „met daardie deel (van dr. Malan se apartheidsbeleid) wat as grondslag aanvaar die permanente integrasie van die naturel in die nywerhede en in die blanke gebiede." Voorts het hy gesê: „My oplossing (van die sogenaamde naturellevraagstuk) is die permanente verdeling van Afrika, suid van die Sahara, in blanke en nie-blanke state."

My lesers sal ongetwyfeld let op die merkwaardige ooreenkoms tussen die oorlog- en apartheidstandpunt wat mnr. Pirow gestel het en die verklaarde beleid van die Ossewabrandwag ten aansien van hierdie sake.

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

**BETREKKING GEVRA**

**Getroude** man, 45 jaar oud, soek betrekking. Goeie kennis van melkery en melkbeeste en ook gemengde boerdery. Twintig jaar ondervinding van melkplaasbestuur.—**P. Hoffmann,** Winkelpoort, oor Kroonstad. 2/4/B

**MEUBELS**

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

**RADIO**

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

**HORLOSIES EN BRILLE**

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

**GRYSHARE**

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jong voorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER**, die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvelvoedingsmiddel u. Skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling. **BOERE-GENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** C1/9/49

**ANTIGRYS herstel gryshare en baard** tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

**MEDISYNE**

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID. Ons beskik oor die middels en behandel alle siektes. Skryf, inligting gratis. — **BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** A1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly? Skryf dadelik. Raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 3)1/9/49

# GEWAPENDE NEUTRALITEIT IS LOKAAS VIR DUITSLAND

**Deur dr. Otto Strasser**

**Op 10 Maart het Rusland met voorstelle ten opsigte van Duitsland gekom wat op die oog 'n ommekeer van 180 grade skyn te wees. Hiervolgens moet Duitsland as eenheidstaat weer herstel word; moet alle voormalige lede van die Duitse leër (ook offisiere en generaals) en Nasionaal-Sosialiste, uitgesonderd die wat nog in tronke is, gelyke politieke en burgerregte met ander besit. Duitsland moet geen bondgenootskap sluit met enige vyand van die jongste wêreldoorlog nie; die Duitse grense sal dié wees waaroor by Potsdam besluit is; Duitsland mag 'n nasionale leër (ook lugmag en vloot) aanhou groot genoeg vir sy tuisverdediging, en genoeg krygsmateriaal produseer vir die instandhouding daarvan.**

**Die herstel van die Duitse staat veronderstel vrye verkiesings — waarteen die Oos-Duitse regering hom nog altyd verset het — maar hoe dit bereik moet word, word nie in die memorandum gemeld nie. Tot hede kon die V.V.O.-kommissie wat die moontlikheid van vrye verkiesings moes ondersoek ook nog geen antwoord daarop gee nie, ondanks twee byeenkomste op 17 en 21 Maart onderskeidelik.**

Dat premier Grotewohl na die Russiese nota met nadruk die Oder-Neisse-grens as onveranderlike vredesgrens beskryf het, skyn daarop te dui dat die Russe op hierdie grens by 'n vredesverdrag gaan staan as beslissende voorwaarde. Of hulle bereid sal wees om die Duitse oostelike gebiede wat deur die Russe beset is, in te boet, staan nog besien te word, tensy dit in die raam van 'n toekomstige strategie val wat elke gebiedsafstand weer goed sal maak.

Die waarborg daarvoor is Pole wat intussen tot 'n Russiese militêre steunpunt uitgebou is. As die Oder-Neissegrens as vredesgrens vir Frankryk 'n lokaas mag wees, sal hierdie Russiese eis die Amerikaners in 'n hoek jaag, aangesien die Wes-Duitse regering in geen omstandighede van Silesië Pommere en Oos-Pruise durf afsien sonder om die hele Duitse volk teen hulle te kry nie. 'n Weiering van die Russiese eis kan die Franse egter in die lig van vereenselwing met die Duitse aansprake op die oostelike gebiede stel.

### GEWAPENDE NEUTRALITEIT

Waar hulle handel oor 'n Duitse nasionale leër het die Russe van binnelandse aangeleenthede oorgeslaan na die terrein van die „Groot Vier" waar enige beslissing deur die Russiese veto verhinder kan word. **Die verbasendste is egter die ommeswaai van „geen militarisme" na „militarisme" in die vorm van 'n nasionale leër — van onbewapende na bewapende Duitse neutraliteit. En hier is die lokaas vir Duitsland. Vir Frankryk is dit 'n klap in die gesig, want enige Duitse leër is vir hom 'n oorsaak van groot vrees.**

Hiermee het die Russe getoon dat hulle Frankryk as die swakste skakel van die Europese Bond beskou. Hulle is mense met 'n werklikheidsin en toon dat hulle Duitsland as die gevaarlikste bondgenoot van die Weste beskou.

### BRES TE SLAAN

Wat nou presies wil die Russe met hul ommeswaai ten opsigte van Duitsland bereik? Duitsland uit die Westerse blok ruk? Sal Amerika so maklik hom in isolasie laat verlei? Met hul nota van 10 Maart het die Sowjet niks anders gedoen nie as om sy rangorde te verwissel.

Sy doel bly egter dieselfde: Om 'n bres in die Westerse geledere te slaan en hulle te vernietig.

Wat die Russe werklik beoog bly dieselfde en is aan almal wat hulle ken bekend.

### EIE VREDESVERDRAG

Uit Oos-Duitse regeringskringe word verneem dat die Russe voornemens is om indien hul nota deur die Westerse moondhede verwerp word, op eie houtjie 'n vredesverdrag met 'n „gesamentlike" Duitse regering te sluit — dit wil sê 'n parlement van die Demokratiese Republiek waarby toegevoeg is 'n aantal Wes-Duitsers (lees kommuniste wat verblyfplek in Wes-Duitsland). Die voorgestelde „nasionale leër sal dan in Oos-Duitsland opgerig word.

Nie net alleen Amerika nie, maar ook Frankryk met sy wantroue in 'n Duitse militêre bydrae in Europese verband, word hiermee in 'n hoek gedryf waaruit hy moeilik sal kan kom. Indien hierdie verdedigingsbydrae ten gunste van die Weste kan geskied en die Franse van hul wantroue ontslae kan raak, sal dit 'n positiewe feit wees wat nie hoog genoeg geskat sal kan word nie.

### PROTESTE

Dat die Duitse volk nie langer gewillig is om in so 'n belangrike vraagstuk soos Duitse eenheid die leiding van hul kanselier blindelings te volg nie, blyk uit die swaar proteste in die pers wat gevolg het op Adenauer se aankondiging binne 'n paar uur na die bekendwording van die nota van sy verwerping daarvan sonder raadpleging van sy kabinet. Hy is verwyt dat hy die Oos-Duitse broers in die steek laat en die huidige Duitse verdeling as blywend aanvaar. Hoe ver die werklike vredesbegeerte van Rusland strek, sal al spoedig blyk uit sy houding ten opsigte van Oostenryk, of hy naamlik die verdrag vir Oostenryk, wat deur die Westerse moondhede aangebied is, sal aanvaar of nie. Oostenryk is tans die mees vooruitgeskowe Russiese basis in Europa.

## Truman Tree Uit

Verlede Saterdagaand het president Harry Truman aangekondig dat hy hom nie weer verkiesbaar gaan stel vir president van die Verenigde State van Amerika nie. Sy aankondiging was 'n groot verrassing.

Die algemene gevoel in Amerika is dat Truman se besluit die kanse van genl. Eisenhower om president te word aansienlik bevorder het.

Truman is 67 jaar oud.

# Tien Jaar Gelede

## DIE OMWENTELING

**Op 25 Maart 1942 het genl. J. A. Smith in Die O.B. verklaar dat die Ossewabrandwag die ontwaakte Afrikanerdom is wat in daad wil meedoen aan die wêreldomwenteling wat plaasvind. Hy het gesê:**

„Die Ossewabrandwag veg vir 'n nuwe volkseenheidstaat, gegrondves op die nasionaal-christelike idee; vir 'n staat wat vry sal wees van party-oorweginge en -vooroordele; 'n staat wat geen partystelsel sal erken nie, maar alleen die volkswil en die volksideale; 'n staat waarin die geldmag as heersende euwel aan bande gelê en gedwing sal word tot naasdiens; 'n staat waarin elke man en vrou sy regmatige lewensaandeel sal hê; 'n staat waarin die vryheid van godsdiens aanvaar word en die godsdienstige en sedelike lewe van die Afrikanerdom teen ondermynende praktyke beskerm word; waarin daar doeltreffende beheer oor die pers, die radio, die rolprent en die vermaaklikheidsbedryf uitgeoefen sal word met die oog op die opbouing van 'n gesonde en skeppende volksgees; 'n staat waarin die arbeidskrag van die volk versterk en beskerm sal word teen kapitalistiese uitbuiting; waarin privaat inisiatief binne volksverband en in die volksbelang aangewakker en beskerm sal word teen die georganiseerde geldmag; waarin 'n gesonde gesinslewe as die grondslag van die hele volksbestaan opgebou en aangemoedig sal word tot welsyn van volk en vaderland."

### DRAER

Op 1 April 1942 het Die O.B. geskryf:

„Daar is 'n wêreldomwenteling aan die gang waarvan die Ossewabrandwag die draer in Suid-Afrika is. Hierdie nuwe rigting of orde sal in Suid-Afrika kom, of ons dit wil weet of nie. Gelukkig is elke ware Afrikaner begerig om daardie nuwe orde hier te verwelkom soos voortgebring uit ons eie volksaard. Dit is geen stelsel wat ingevoer word nie, dit is 'n gees wat in elke volk ontwaak teen die verrotte liberalistiese instellings.

### LIBERALISME

„In elke land van die wêreld het die volk daar onder die liberalistiese bedeling twee magte ontwikkel wat die volke van die wêreld verslaaf het; die kapitalistiese geldmag en die liberalistiese internasionalisme. Die eerste het die volk in elke land verarm en tot ekonomiese slawerny gedwing. Die tweede het die nasionale gevoel van elke volk misken en die organiese of familie-eenheid van elke volk versnipper. Teen hierdie twee magte het die volkere van die hele wêreld vandag in opstand gekom. Elke volk strewe nou daarna om die geldmag te breek en die volk se baasskap weer te herstel oor sy land se rykdomme, en hiermee hang saam dat hy ook die eenheid van die volk wil herstel, d.w.s. die baasskap van die volk wil herstel in sy eie vaderland en ook die vaderland aan die volk terug besorg waar dit geheel of gedeeltelik aan die volk ontneem was."

Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

SANLAM

DIE STEMPEL VAN UITKOMS WANT BY SANLAM IS UITKOMS VIR ELKEEN

Dit is in tyd van nood dat 'n mens na jou eie mense soek . . .

Dit is in tyd van nood dat 'n mens jou eie mense vind – by Sanlam

Maak voorsorg vir uitkoms by SANLAM

**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.**

**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**

**GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD**

**Die Voortrekker-Apteek**

**Kerklaan, KAAPSTAD**

**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN**

**Besoek ons of skryf om besonderhede**

**NET 'N PAAR ITEMS**

**om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk**

| | |
|---|---|
| Boston Potlood-skerpmakers ... ... ... ... ... | @ 15/- elk |
| Mercury Draadheg-masjiene ... ... ... ... ... | @ 29/6 elk |
| Dubbele Glas-Inkpotte ... ... ... ... ... ... ... ... | @ 6/9 elk |
| Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 7/- per Riem |
| Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 7/8 per Riem |
| Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 5/7 per Riem |

Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

***Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.***

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071**

# Minder Krediet En Meer Belastings Sê Havenga

**Toe mnr. N. C. Havenga, Minister van Finansies, verlede week die Begroting van die jaar 1952—'53 aan die Volksraad voorgelê het, het hy gesê dat ons in die toekoms groter opofferings sal moet verdra as ons die koopkrag van die pond wil bewaar. Hy het gesê dat dit 'n krisis kos soos dié wat die sterlinglande nou deurmaak om die grenslose vertroue van die publiek te skok in die toweragtige vermoë van die skatkis om die onmoontlike te presteer. Dit is nie genoeg om belastings te verhoog nie, het hy gesê; ons sal meer geld moet spaar deur minder te verbruik; ons sal ons produksie moet verhoog; en die uitgawes op ontwikkeling moet verminder. Mnr. Havenga het gesê dat daar mense is wat hard werk, maar die oorgrote meerderheid in alle beroepe kan aansienlik harder werk sonder om hul gesondheid te skaad.**

**Spreker het met hierdie oorsig die publiek probeer voorberei vir die opofferings wat van hom geverg sal word. Hierdie opofferings is matig in vergelyking met die laste wat die publiek in die meeste ander lande moet dra.**

**Vervolgens het mnr. Havenga oorgegaan om die maatreëls wat hy getref het aan te kondig. Dit sluit in inkorting van krediet of die skepping van duurder geld; beperking van invoer; bekendmaking in druppels van hulp aan Brittanje; vermeerderde duurtetoeslae van £8,000,000, wat gekanselleer word deur belastingsverhogings van £12,000,000; en gedwonge verlaging van die lewenstandaard en inkrimping van ontwikkeling.**

**Mnr. Havenga se Begroting kan beskryf word as 'n ketting-begroting. Die maatreëls wat hy aangekondig het, het nie, in die belangrikste instansie, regstreekse en enkelvoudige gevolge nie, maar onregstreekse en meervoudige gevolge. Die Begroting gaan 'n reeks reaksies uitlok — die een oorsaak van die ander. En dis twyfelagtig of die Minister van Finansies uiteindelik in staat gaan wees om die reaksies wat hy nou ontketen het te beheer.**

### DUURDER GELD

Mnr. Havenga het gesê dat die tyd van goedkoop geld verby is en dat ons eie rentekoerse tot 'n meer realistiese peil sal moet verhoog. Die staat sal voortaan op lenings met 'n matige looptyd van vyftien jaar vier persent rente betaal; rente op lopende rekening by die Posspaarbank word verhoog van 2½ na 3 persent; en die rentekoers op spaarsertifikate van 3 na 3½ persent.

### SKULD

Spreker het gesê dat ons behoefte aan kapitaal onlangs geskat is op £170,000,000 per jaar oor die volgende vier jaar. Hierdie skatting is eerder te laag as te hoog. Dit is buite die kwessie dat ons soveel geld sal vind, het die minister gesê. Daarom sal ons noodwendig op die noodsaaklikste dienste moet konsentreer. Die leningsbegroting vir die nuwe jaar beloop £75,000,000 selfs nadat daarop 'n besnoeiing van £10,000,000 aangebring is.

Op 31 Maart 1952 was ons staatskuld £782,314,000, 'n vermeerdering van £26,307,000 op die vorige jaar.

### KREDIET

Omdat die skatkis meer rente op geleende geld sal moet betaal, het spreker gesê, is dit nodig dat hy die rentekoerse ook sal moet verhoog op lenings wat uit die leningsfondse aan verskillende liggame, inrigtings en persone verskaf word. Rentekoerse sal na 4½ en 5 persent verhoog word.

Die minister het gesê dat die handelsbanke te vrygewig was met die verskaffing van krediet. Twee faktore sal nou help om 'n inkorting aan te moedig: Die daling van die handelsbanke se kontantreserwes en die verhoging van die Reserwebank se diskontokoers van 'n ½ tot 4 persent.

● **In die verlede het 'n depressie altyd gevolg op die inkorting van krediet. Die vraag wat ekonome moet beantwoord is: Kondig mnr. Havenga se begroting 'n nuwe depressie aan?**

### INVOER

Wat die handelsvooruitsigte vir hierdie jaar betref het die minister daarop gewys dat ons inkomste uit wol moontlik met £30,000,000 sal daal en dat die skaarste aan geld in Brittanje daartoe kan lei dat minder kapitaal na die Unie sal vloei. Met die oog op hierdie oorwegings het die regering besluit om die land se invoere met ongeveer £70,000,000 vir die jaar 1952 te verminder. Spreker het gesê dat die vermindering moontlik is omdat daar baie voorrade in die land is en omdat die opofferings wat hierdie begroting van die publiek sal verg waarskynlik die uitwerking sal hê dat die vraag na voorrade sal afneem.

● **Dit is die verlaging van die lewenstandaard wat mnr. Havenga voorspel het.**

### GOUD VIR BRITTE

Mnr. Havenga het gesê dat die regering nog besig is om met die Britse regering oor hulpverlening te onderhandel. Hy kan derhalwe geen besonderhede oor die hulpmaatreëls verstrek nie — behalwe oor die voorlopige goudhulp.

Hy kan meedeel dat aangesien die sterlinggebied waarskynlik in die eerste helfte van die jaar nog baie goud sal verloor, en dit die uitstroming eers in die tweede helfte van die jaar gematig sal word, die President van die Reserwebank gemagtig is om dadelik goud ter waarde van £10 miljoen aan die bank van Engeland te verkoop bo en behalwe die normale goudverkopings aan Brittanje ooreenkomstig die bestaande reëlings. Dit is in werklikheid 'n goudbetaling vooruit wat mettertyd verreken kan word wanneer die twee regerings 'n ooreenkoms tref. Voorlopig sal hierdie goudverkopings uit ons reserwes kom, en die Reserwebank se staat sal derhalwe aan die end van die maand waarskynlik 'n daling van ongeveer £10 miljoen in die goudbesit toon met 'n dienooreenkomstige styging in ons sterlingbesit.

● **Blykbaar is mnr. Havenga voornemens om die hulpverlening aan Brittanje drupsgewyse bekend te maak — waarskynlik omdat die druppels die Afrikaners minder sal skok as wanneer hulle die hele beker koue water in die gesig kry.**

### UITGAWES

Mnr. Havenga het gesê dat die lopende uitgawes vir die nuwe jaar wat op 1 April begin geskat word op £197,965,000. Hierby moet gevoeg word 'n bedrag van £8,003,000 ten aansien van salarisverbeterings en verhogings van duurtetoeslae van staatsamptenare, sowel as die verhoging van die pensioene van staatsamptenare, oud-stryders en ou-mense, wat die uitgawes op £205,968,000 te staan bring.

### VERHOOGDE BELASTINGS

Ten aansien van die lopende inkomste het mnr. Havenga verklaar dat hy op bestaande grondslag 'n t e k o r t van £23,133,000 beraam het. Hy het besluit om dit soos volg aan te vul: £12,000,000 deur invordering van agterstallige belastings en £12,564,000 deur belastingverhogings. Laasgenoemde sal soos volg verkry word:

Verhoogde aksyns op bier, sigarette, pyptabak en sigare; mineralewater; lekkers en sjokolade; en rolprente tot 'n bedrag van £7,500,000.

Verhoogde telefoonhuur; telegramtarief; en postarief op gedrukte stukke; verdubbeling van posbus en possakhuur tot 'n bedrag van £1,500,000.

Verhoging van maatskappyebelasting ten bedrae van £3,214,000.

Verhoging van inkomstebelasting met £450,000.

Verhoging van seëlregte met £800,000.

● **Hoewel die inkomste van sekere groepe in die samelewing vermeerder word, is dit ongelukkig waar dat die verhoogde lewenskoste, as gevolg van die verhoging van die direkte en die indirekte belastings, die vermeerdering heeltemal insluk.**

Mnr. Havenga het ten slotte verklaar dat almal nie tevrede sal wees met die begroting nie, maar almal behoort dankbaar te wees dat daar nie groter opofferings van hulle geverg word nie.

## Sy Reg Verbeur

Die Britse regering het verlede Vrydag aangekondig dat Seretse Kgama, verbanne opperhoof van die Bamangwato in Betsjoeanaland (wat 'n wit vrou getrou het), nooit as opperhoof erken sal word nie. Die Bamangwato sal gevra word om 'n ander opperhoof te kies.

§ „DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# DIE KRISIS IN ONS MIDDE

## Soos Ons Lesers Dit Sien

**Mnr. Fred Hattingh, Piet Retiefplein 2, Ysterplaat, skryf:**

Met groot belangstelling het ek die opmerkings in u uitgawe van 26 Maart oor bostaande onderwerp gelees, en onderskryf Sybrand se mening soos hy die grondwetlike posisie van die Unie daar benader het. 'n Staat sonder 'n grondwet is soos 'n skip sonder 'n anker. 'n Grondwet is tog immers die siel van enige demokratiese liggaam en hoe op aarde kan 'n liggaam die konstitusie waardeur hy tot stand gekom het, veronagsaam? Ek, net soos Sybrand, steun die apartheidsbeleid van die regering, maar ek kan nie onreëlmatige wetgewing steun nie. Soewereiniteit van 'n staat magtig hom nie om sy eie grondwet te veronagsaam nie.

Selfs al sou Suid-Afrika vandag 'n republiek uitroep, moet die republikeinse staat dadelik as sodanig gekonstitueer word en volgens daardie konstitusie moet die Volksraad van die republiek regeer. As die Unie van Suid-Afrika so soewerein geword het dat hy nie langer die grondwet waarop hy saamgestel is, hoef te erken nie, dan was dit sy plig om 'n nuwe grondwet daar te stel waarvolgens die staat kan fungeer, anders is ons nòg vis nòg vlees.

Dis tog vanselfsprekend dat 'n politieke partymeerderheid slegs aan bewind bly tot hy genoeg sothede begaan het om weer na die opposisie gestuur te word. En as die huidige regering die grondwet kan veronagsaam, het sy opvolger dieselfde reg, en waar beland die volk van Suid-Afrika dan? Nee, 'n mens, en net so min 'n regering kan nie een verkeerde daad met 'n ander verkeerde reg maak nie. Laat ons in hemelsnaam versigtig wees en nie toelaat dat ons gevoelens met ons weghardloop nie.

## Hervorming?

**Die soewereiniteit van die Unie-parlement is glad nie ter sprake in die huidige konstitusionele krisis nie, want die soewereiniteit van die parlement is nie deur die uitspraak van die Appèlhof in twyfel getrek nie, volgens 'n verklaring van prof. L. I Coertze van die fakulteit van regsgeleerdheid van die Universiteit van Pretoria.**

„Ek stem volkome saam met die uitspraak van die Appèlhof," het hy gesê; „maar ek wil dit duidelik maak dat hoewel ek die uitspraak as goeie regsgeleerdheid beskou, ek dit terselfdertyd as swak politiek beskou. Maar daarvoor blameer ek nie die Appèlhof nie."

Hervorming is nie die taak van die Appèlhof nie, het hy gesê.

Beter Tabak *

maak Beter Sigarette



Kommando

Suid-Afrika se

gewildste

sigaret




* Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.

GI-3074